Towerlantern Fotografie
fotografienuus
maart 2022

Oom Tom
Lensopening: f2,8; Sluiterspoed: 1/200 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Om in 'n studentedorp te bly, het sy eie "bekoring". Let op na die aanhalingstekens – dit wys dat die woord op verskillende maniere vertolk kan word.
Covid-19 het vreemde situasies gebring. Waar daar voorheen baie studente-bedrywighede binne hoorafstand van ons was, byvoorbeeld die jaarlikse jool in Februarie, was dit meteens stil. Geleidelik begin die studentelewe hierdie jaar egter weer terugkeer na normaal. Pas was daar reeds 'n eerste wedstryd in die *Varsity Cup*-rugbyreeks; ook binne hoorafstand.
Studente het hul eie kultuur. Besœkers wat dit nie ken nie, mag dit vreemd vind, byvoorbeeld as hulle koshuis- en huisname in ons omgewing sou sien. Voorbeelde is Oom Tom, soos in die foto, en drie aangrensende studentehuise genaamd *Alkante, Gesante, Trawante*. Waar sal jy nog iets taalkundig so mooi vind?

Ons gesels in hierdie uitgawe van Fotografienuus oor aspekte van kultuur, waarvan studentelewe 'n gœie voorbeeld is. Lees en geniet in hierdie uitgawe meer oor kultuur – in Potchefstroom, Stellenbosch of waar ook al.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk
Bladuitleg: Fransa van Colourcode Designs

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief?
Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.

voorbladfoto

Enige oud-Potchefstroomse student (universiteit, onderwyskollege, landbou-kollege) van so tien jaar gelede tot dekades vroeër sal by die aanhoor van die naam "Tomstraat" heimwee na Potchefstroom kry. Jy sal by elkeen iets uit die verlede hoor: eerste soen, lentegroen akkerbome, saamstap, kaas*buns*, Insleepkafee.

Die digter PW Buys beskryf sy studenteherinneringe (saam met 'n vriend, ongeveer laat in die 1940s) só in *Van sigbare en onsigbare dinge*:

> Ons wandel soos weleer
> al langs die waterstrome
> in Tomstraat noordwaarts
> onder donker bome.

Soos baie ander name in ons land het Tomstraat se naam ongelukkig ook gesneuwel; asof Tom nou die naam van 'n bekende politikus was! Daar is wel oorblyfsels van die straatnaam in gebouname – waarvan die voorbladfoto een voorbeeld is. En let op na die kreatiwiteit in die naam. Sou jy so 'n naam kon bedink?

Die foto het die standaard instellings. Een probleem was egter om die toneel op die regte tyd van die dag te neem sodat daar nie onnodige skadustrepe op die foto was nie. Wees dus altyd op jou hoede om die regte tyd van die dag te kies vir jou foto's. Dis natuurlik dikwels makliker gesê as gedoen.

UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022
– 15 jaar oud –

Soos voorheen al genœm, het Towerlantern Fotografie op ’n eenvoudige manier begin met die aanbied van ’n eerste fotografieklas teen die einde van 2007.

Spœdig het dit geblyk dat daar ’n behœfte by ons studente is om verder te gaan met hul fotografie. Daarom het ons in Februarie 2010 met ons eerste gevorderde fotografiekursus begin. Dié kursus strek oor agt maande met ’n klas een keer per maand. Dit gee studente dus tyd vir hul opdragte.

Sekere nie-fotografiese uitgangspunte is ook oor die jare steeds by Towerlantern Fotografie gehandhaaf. Een daarvan is dat ons ’n Christelike standpunt het, soos in Fotografienuus van Februarie 2022 uiteengesit.

Nog ’n standpunt was, en is ook steeds, dat ons presies is met algemene bestuursbeginsels, in die besonder die hantering van e-posse en whatsapps. Dit is immers ons venster na buite, ons advertensiebeeld. Daar is ’n paar basiese beginsels; ons vœl dit is so belangrik dat ons dit graag deel:

- Jou ja is jou ja, jou nee is jou nee.
- Ontvangs van e-posse word altyd erken
- So ver dit moontlik is word e-posse binne ’n dag afgehandel.
- Gœie taalgebruik met korrekte spelling is baie belangrik.
- “Het nie tyd nie” is NOOIT ’n verskoning nie.
- ’n E-posskrywer mœt nooit aan ’n lyntjie gehou word nie.

Ons hoop ons kan klein besighede en ander instellings met hierdie basiese raad behulpsaam wees.

Maart 2022

Towerlantern LESERSGESKENK

Om Towerlantern se 15 jarige bestaansjaar te herdenk, het ons gedurende Maart drie aanbiedings van ons selfoonkamera-aanlynkursus:

- Eerste inskrywing: R100 teenoor R500.
- Tweede inskrywing: R200 teenoor R500.
- Derde inskrywing: R300 teenoor R500.

Die aanbod geld volgens die beginsel “eerste gereageer, eerste gehelp”. Dit geld net vir Maart en mœt nie later nie as 31 Maart 2022 begin. Dœn navraag by johan@towerlantern.co.za vir die inligting- en registrasievorm.

NATUUR OF KULTUUR?

Ons gesels in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* oor kultuur.
Lees op die volgende bladsy meer oor wat ons daarmee bedoel.

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -

In die woud

KULTUUR EN NATUUR

Ons gesels in hierdie uitgawe van Fotografienuus oor kultuur. Soos dit 'n gœie spreker betaam, mœt hy/sy die terme wat gebruik word vooraf verduidelik.

Ons maak 'n rowwe, baie wye, skeiding tussen die sake "kultuur" en "natuur". Ons definieer dié twee terme soos volg:

- Met "kultuur" word enigiets bedœl wat deur die mens aangeraak is.
- Met "natuur" word enigiets bedœl waarby die mens nie betrokke is of was nie.

Om een voorbeeld te nœm: Dieretuine en wildtuine is "kultuur"; daarteenoor is diere in 'n onaangeraakte œrwoud "natuur". As jy mooi begin dink sal jy besef daar is min dinge om jou wat slegs natuur is. Of anders gestel: Daar is weinig dinge wat nog kan deurgaan as slegs natuur. Selfs 'n œrwoudagtige plaasblomtuin is kultuur.

Kultuur is dus baie wyer as om byvoorbeeld net te sê dat een persoon se kultuur anders is as 'n ander een s'n. Kultuur is letterlik enigiets waaraan die mens al geraak het. (Dink aan die fiktiewe karakter, koning Midas, wat alles waaraan hy geraak het, in goud laat verander het.)

Vir ons dœl sal ons verder gesels oor kultuur, en in die besonder oor kulturele fototœre. Daarmee word bedœl 'n tœr waar die mikpunt kultuur (in 'n enger sin) is, en nie byvoorbeeld argitektuur- of stedelike landskap-fotografie nie.

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -

Kom saam op 'n
KULTUURREIS

Foto's word dikwels beskou as vensters na die wêreld toe. Die foto's van fotojœrnaliste en reisigers wys vir ons ander kulture, eksotiese plekke en besondere mensgemaakte tonele. Dikwels is kosse en markte en straattonele juis die vertoonkas van verskillende kultuurgrœpe. Wees dus bewus daarvan op hierdie kort kultuurreis.

Biesmiellah-restaurant,
Bo-Kaap, Kaapstad

Begin vir hierdie kort reis en dink aan jou plaas, gehuggie, dorp of stad. Wat is besonders, kultuurgewys? Dink aan dinge soos plaas-, dorp- en stadsname. Hoor trekkers, motors en vragmotors dreun. Ruik en prœ beskuit, melktert en bobotie, pas uit die oond. Verlang terug na windpompe, stoomlokomotiewe en plaas-*generators*. Daar mœt iets wees waarheen jy fisies op reis kan gaan vir die neem van foto's; of wat jy, as alternatief, in jou gedagtes kan besœk vir die skep van foto's.

Besef dat om op 'n kulturele reis te gaan, eindelose vreugde kan verskaf. Dit kan byvoorbeeld enigiets wees wat 'n streek of dorp of stad sy besondere kulturele karakter gee.

Dink aan binnelandse reise na die Bo-Kaap in Kaapstad met sy eie Kaap-Maleise kookkuns; dink aan die restaurant *Biesmiellah*, aan denningvleis en bobotie.

Of dink aan buitelandse reise na Griekeland en die Griekse eilande; dink aan Griekse vase, aan dolmades, spanakopita en halva (of **χαλβασ** as jy wil).

Genœg gesê, by ons "Riglyne ..." gee ons riglyne vir 'n kulturele reis.

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -

RIGLYNE VIR KULTUURFOTOGRAFIE

Ons aanvaar jy is gereed vir 'n kultuurreis – fisies of in jou gedagte. Vir ons tæligting kies ons gedeeltes van ou geboue, met kultuurfoto's in gedagte en nie argitektuur-foto's nie.

KAMERA-INSTELLING: Dœn die opstelling, komposisie en basiese fokussering. Gebruik beslis 'n driepoot. Dit mag nodig wees om 'n helper saam met jou te vat as jy die omgewing nie vertrou nie.

TIPE LENS

Die lens hang af van die tipe onderwerp.

FORMAAT

Waarskynlik landskapformaat.

ISO

Gebruik 'n læ waarde, byvoorbeeld 100.

WITBALANS

Kies 'n gepaste instelling afhangend van die ligomstandig-heid, byvoorbeeld bewolkte lug.

FOKUSPUNT EN ROWWE FOKUSSERING

Mik vir die trefpunt in die toneel.

LENSOPENING

Kies 'n middelwaarde lensopening vir 'n groter velddiepte, byvoorbeeld f11.

Outydse lugversorgers, Potchefstroom

SLUITERSPOED

Verstel die sluiterspœd met behulp van die liniaal vir die "korrekte" beligting.

FYN FOKUSSERING

Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n skerp fokussering van die fokuspunt.

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -



WENKE VIR SELFOONFOTO'S

Zoom in

Pasop dat jy nie iets of iemand afneem en die onderwerp vertoon baie klein op jou foto nie. As jy veral mense afneem, behoort die foto gœd gevul te wees. Dit mag ook wees dat jy 'n klein goggatjie op 'n blom wil afneem en dat dit net 'n spikkel op jou foto vertoon.

Hœ verbeter jy die saak? Maklik. Gebruik net die zoomfunksie op jou selfoonkamera!

Dœn dit soos volg: As jy in VIDEO of PHOTO is, is daar aan die onderkant van die skerm drie instellings gemerk 1x, 2x en 5x. Die verstek is 1x. Gaan bloot net na een van die ander opsies en gebruik dit. Die foto's hierby wys die idee.

Stuur gerus navræ oor selfoonkamera-foto's na ons; ons sal ons bes probeer om te help.

Foto's van links na regs: Zoomfunksie: 1x, 2x en 5x

Vredefort-kœpel: 'n Wêrelderfenisgebied

Potchefstroom, en 'n paar ander naburige dorpe, spesifiek Parys en Vredefort in die Vrystaat, is bevoorreg om naby, of binne, die Vredefort-kœpel geleë te wees. Die status van dié gebied is dié van 'n "Wêrelderfenisgebied". Ons het Johann Nel, vriend, en kollega van Towerlantern, gevra om vir ons in 'n paar opvolg-artikels iets meer oor hierdie gebied te vertel. Behalwe vir die feit dat die Vredefort-kœpel so naby Potchefstroom geleë is, is dit ook vir fotograwe 'n omgewing met dæ se fotopret.. Die eerste van drie artikels verskyn in hierdie uitgawe.

Jy mag dalk vra: Wat is 'n Wêrelderfenisgebied? Ons gee die volgende verduideliking direk uit Wikipedia:

'n **Unesco-wêrelderfenisgebied** is 'n spesifieke plek (soos 'n woud, bergreeks, meer, wœstyn, gebou of stad) wat benœm is vir die internasionale wêrelderfenisprogram wat deur Unesco (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization) bedryf word.

Die program poog om terreine van besondere belang, kultureel of natuurlik, te katalogiseer, te benœm en te bewaar vir die gesamentlike erfenis van die mensdom. Plekke op die lys kan fondse vanuit die Wêrelderfenisfonds ontvang onder sekere omstandighede. Die program is reeds in 1972 gestig.

Sedertdien het 192 lande lid geword van hierdie konvensie, wat dit een van die mees geslaagde internasionale werktuie maak.

Teen 2021 is 1 154 gebiede ingesluit in die lys, waarvan 897 kulturele, 2 118 natuurlike en 39 gemengde plekke is. Daar is tans tien wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika.

Bron: Wikipedia:
https://af.wikipedia.org/wiki/W%C3%AArelderfenisgebied

Ligging van Wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika.

VREDEFORT-KOEPEL-ERVARINGS

Ons deel graag die volgende mededeling wat Johann Nel op ons versoek gestuur het. Hy is een van 'n handjievol kenners wat die Vredefort-kœpel betref. Hy skryf die volgende.

My eerste kennismaking met die Vredefort-kœpel was gedurende 1959 tœ ek en my vrou, Pim, met ons 1936 DKW-motortjie daar rondgery het. By Schurwedraai in die Kœpel het ek die ja-woord gevra, en dit gekry!

Vanaf 1969 tot 1976 het ek gereeld Aardrykskunde Graad 11 en 12 leerlinge na die Kœpel geneem vir Aardrykskunde-ekskursies. Wyle prof Andries Bisschoff was die tœrgids.

Gedurende 1987 tot 2010 was ek dikwels saam met wyle dr Martin Brink, prof Andries Bisschoff en Frans Waanders waar hulle in die Kœpel veldwerk en navorsing gedœn het.



Dié navorsing het gegaan oor die ontstaan van die Vredefort-gebeurtenis om hierdie gebied tot wêrelderfenisgebied verklaar te kry. Gedurende hierdie tyd was ek bevoorreg om talle bekende navorsers van oorsee ook te kon ontmœt.

Gedurende April 1989 was ek saam met dr Brink in die veld en het 'n klip opgetel wat nie in daardie omgewing hoort nie. Dit het aanleiding gegee tot my navorsing van die œrlandvorme en kenmerke van die Dwyka-ystydperk in die suidelike gedeelte van die Kœpel. In 1992 verwerf ek my meestersgraad in Geomorfologie.

Natuur en kultuur, Vredefort-kœpel

Vanaf 1997 tot 2019 was ek verantwoordelik vir die derde jaar Geomorfologiestudente van die plaaslike universiteit se verpligte jaarlikse veldwerk-ekskursie. Die grootste grœp studente wat ek mœs hanteer was gedurende 2018 tœ daar meer as 70 studente die ekskursie bygewoon het!

Sedert 2020 het ek weer begin met navorsing in hierdie besondere deel van ons land.

KOM REIS SAAM NA DIE *Vredefort-koepel*

– JOHANN NEL –

Ons het 'n pragtige en unieke land met kontraste in die natuur-, plant- en dierelewe en met 'n verskeidenheid van mense en kulture. Voorwaar enige fotograaf se droom!

Die Vredefort-kœpel (in die omgewing van Parys en Vredefort in die Vrystaat en Potchefstroom in Noordwes) is een van die 10 wêrelderfenisgebiede in Suid-Afrika; en een van net drie wat slegs natuurlike erfenisgebiede is. Die ander sewe is almal kulturele erfenisgebiede. Hierby is dit dan ook nog so dat die Vredefort-kœpel die oudste opgetekende gebeurtenis op aarde is wat tot erfenisgebied verklaar is. Vir al die fotograwe wat dalk eendag dié gebied gaan besœk, hier (en in ons volgende twee uitgawes van *Fotografienuus*) is enkele feite en foto's omtrent die Vredefort-kœpel.

Die algemene naam vir hierdie wêrelderfenisgebied is "Die Vredefort-kœpel". Die naam mœs eintlik die "Vredefort Berg-gebied/Landskap" gewees het omdat die kœpelstruktuur geologies verwys na 'n groot, massiewe granietindringing. Soortgelyke voorkomstes is onder andere die Half Dome in Yeosomite in die VSA of selfs kleiner indringings soos die Paarlrots in die Wes-Kaap. Hier word die woord "kœpel" behou

KOM REIS SAAM NA DIE *Vredefort-koepel*

omdat die veronderstelling is dat die rotslæ deur die impak in die vorm van 'n onderstebo pœdingbakkie oorgestoot en gekantel is – soos dié foto, en die een op die vorige bladsy wys.

Oorgestote læ

Dit het gebeur tœ 'n astrobleem ('n voorwerp baie groter as 'n meteoriet) die aarde getref het. Die krater van groter as 350 kilometer in deursnee is die gevolg van hierdie impaktor wat met 'n 10 tot 15 kilometer (ongeveer) deursnit die aarde getref het. Dit is dus 'n liggaam groter as Tafelberg! Dit het die aarde getref teen 'n snelheid van meer as 10 kilometer per sekonde (of 36 000 kilometer per uur). Hierdie impak het sowat 2023 miljœn jaar gelede plaasgevind. Hierteenoor is die ouderdom van die aarde sowat 4 500 miljœn jaar.

Stromatoliete

Op daardie stadium was daar nog geen atmosfeer, dier, plant of mens soos ons dit vandag ken nie. Die enigste lewende organismes was 'n tipe alg wat vandag nog in waterliggame gevind word. Ons nœm hierdie fossiele stromatoliete.

Ons reis verder deur die Kœpel in die volgende uitgawe van *Fotografienuus*.



Vredefort-kœpel: Sonsopkoms

MIK VIR DIE SON

Hou altyd die son in gedagte by die neem van foto's. Natuurlik nie direk in die son in nie, maar wel in die rigting van die son.

Ons nœm twee voorbeelde: As jy skemerfoto's neem van blomme in jou tuin, posisioneer jou kamera só dat die son van agter op die blomme skyn. En kyk hœ jy die trefkrag van jou foto's verhoog.
Nog 'n voorbeeld is wanneer jy 'n sonsondergang afneem. Jou selfoon kan gœie foto's neem, maar jou kamera nog beter. Laat lig jou inspireer en mik vir die son – selfs al is dié reeds onder, soos in die foto hierby.

As jy ook graag gœie foto's met trefkrag wil neem, is jy welkom om ons te kontak by johan@towerlantern.co.za of gaan kyk op ons webblad vir kursusse en ander inligting: www.towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -



OP INTERNET GESIEN

Herinner hierdie foto jou ook aan 'n loodglasvenster?
Cal Cole het hierdie foto saamgestel uit 14 foto's wat hy binne 90 minute geneem het. Hy het die foto's na die tyd in Photoshop gekombineer. Ons dink dis 'n oorspronklike manier om tydsverloop in 'n enkele foto te wys, en so eintlik 'n besonderse kunswerk te skep.

Lees die artikel hier:
https://mymodernmet.com/cal-cole-time-slice-photography/

Vir nog van sy "time-slice" kunswerke kyk by
https://www.instagram.com/graphic.cal/

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Die Kaapse Floraryk
Foto geneem deur Thomas Bjørkan (Wikipedia)

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Waar ons die afgelope twee maande na verre lande op reis gegaan het, gaan ons hierdie maand binnelands na die tien wêrelderfenisgebiede van Suid-Afrika. Hierdie gebiede is die volgende met die erfenis-aanvangsdatum tussen hakies. Sœk self verder inligting oor elk van hierdie gebiede.

- Robbeneiland (1999)
- iSimangaliso-vleilandpark (voorheen die Groter St Lucia-vleilandpark) (1999)
- Die Wieg van die mensdom (die hominiedfossielterreine van Sterkfontein, Swartkrans, Kromdraai en omgewings) (1999)
- uKhahlamba-Drakensbergpark (2000)
- Die Mapungubwe kulturele landskap (2003)
- Die Kaapse floraryk (2004)
- Die Vredefort-kœpel (2005)
- Richtersveld (kulturele en botaniese landskap) (2007)
- Khomani (kulturele landskap) (2017)
- Barberton Makhonjwa-berge (2018)

Bron: https://af.wikipedia.org/wiki/W%C3%AArelderfenisgebiede_in_Suid-Afrika

As jy, liewe leser, by enige van hierdie plekke al was en jy het mooi foto's geneem, stuur dit gerus vir ons. Stuur ook 'n kort beskrywing van jou reis en ervarings daarmee saam.



Kaapse Floraryk

Bron: https://www.lekkeslaap.co.za/lekkeslaap-blog/kaapse-fynbos-klein-maar-getrain

Towerlantern Fotografie

- maart 2022 -

FOTO-idees

Idee 1: Gaan op 'n kulturele reis: Vervalle terreine, soos ou stasies.

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -

Ou stasiegebou, Bethulie, Vrystaat

FOTO-idees

Idee 2: Gaan op 'n kulturele reis: Deure en versierings van huise.

Huis, Hænertsburg, Limpopo

FOTO-idees

Idee 3: Gaan op 'n kulturele reis: Windpompe langs die pad.

Oos-Kaap, met dank aan Maryke Schoonen

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -

FOTO-idees

Idee 4: Gaan op 'n kulturele reis: Dorpstuine, met klem op kultuur.



Tuin, Limpopo

Towerlantern Fotografie
- maart 2022 -

FOTO-idees

Idee 5: Gaan op 'n kulturele reis: Bouwerke, veral in die nag

Bramasole-gastehuis, Magœbaskloof, Limpopo

Towerlantern Fotografie

- maart 2022 -



OP INTERNET GESIEN

As fotograwe mœt ons altyd uit 'n ander hœk na "gewone gœd" kyk. Begin byvoorbeeld en neem meubelpote in jou huis af en kyk wat kry jy! Hier is 'n ander idee: Charles Brooks neem die binnekant van musiekinstrumente af. Aanvanklik lyk dit soos 'n verlate gebou, maar as jy mooi kyk dan sien jy dis eintlik iets anders. Gaan kyk beslis na nog van sy foto's.
Bron: https://yourshort.link/MJ6zN

waardering van *lesers*

Huib van Hamburg, Potchefstroom:
Baie dankie vir die weereens pragtige Fotografienuus! Waarlik ons mœt net ons oë en sintuie inspan, dan sien ons 'n fraksie van God se heerlikheid.

Tineké van der Walt, St Louis, VSA:
Baie mooi uitgawe! Ek hou van die gebed van Edward King en hœ julle dit so saam met die foto-nemery gekombineer het.